# MOPANI
# 15-17 MAART`13

## POTJIEKOS- 60`s Tema

Vrydagoggend begin die kampers so een- een daar aankom , vir die eerste keer is daar `n ander groep kampers en die oord behoort nie net aan ons nie. Vrydagaand word Boekevat en registrasie gedoen en vure aangesteek.

Saterdagoggend na Boekevat begin die “Sugarman”-groep naarstigtelik kartonbokse soek om hulle 60`s slagspreuke en plakate te doen. Kompetisie skop 1 uur af en dis `n geskarrel van die beoordelaars om vinnig by almal uit te kom. Hier teen 3 uur word die kamp verander in `n Hippie kolonie, met rewolusie slagspreuke, vreemde bome wat groei, parkies met komberse omgeskep vir die metamorfose na die sestigjare. Hippies met lang hare, baie stywe broekies en John Lennon brilletjies is oral te sien en ja daar was Rasta`s ook. Die spreukwoord se mos hoe later hoe kwater en dit het O3 en Heidi aangespoor om met snaakste konkoksies voorendag te kom en ons almal was die proefkonyne om te proe. Buks wat `n vergadering moes bywoon het gedink hy het sleg verdwaal toe hy op hierdie klomp “weird’ mense afkom.

Almal se potte en brode moes vanaf 5 uur klaar wees, Rudi en Jackie die beoordelaars is gevoer, gepaai, omgekoop en nogmaals laat proe. Beesstert was die gewildse keuse en daarna skaap en hoender.

Die brode was duidelike wenners so lekker het dit geruik. Na Marie haar deeg soos `n wafferse Italianer in die lug gegooi het, het daar 2 brode te voorskyn gekom, 1 in die pot en `n ander 1 in die deksel. Vroegaand is musiek gespeel en net daar tussen die klippe en potte is lekker ge “Rock & Roll” of wat mens dit ookal kan noem. Selfs oom Chris het vir ons die “gumboots” dans gedoen of dalk was daar `n paar kooltjies wat iewers gebrand het. Andre Engelbrecht, Buks en Smit het op `n staduim die langarm samba gedoen. `n Heerlike dag was dit voorwaar.

Sondagoggend het sommiges traag uit die waens gekom, sekere goeters gesoek wat hulle die vorige aand verloor het en hulle beste gesigte opgesit.

Na die Erediens tydens afsluiting is die wenners bekendgemaak:

***TEMA*** – Sugarman: Buks, Smit, Marie en O3

***POT***- 1 ste : Diana 2 de: Deon & Petro 3 de : Sugarman

***BROOD*** – 1 ste: Sugarman 2de: Diana 3de: Jurie

**STATISTIEKE:** 11 Lede + 2 besoekers.

**BAKGAT**: Audrey Lotter **P/P/POT**: Marie (Alweer)

**K/KOMMANDANTE**: Jurie en Sandra + Hendrik en Elsa

# Pretoria hou potjie by Mopanie









































16.03.2013 20:49



















**Baie dankie aan almal wat die kamp bygewoon het dit was een heerlike en opwindende kamp gewees. Dankie aan die kampkommandante julle het julle goed van julle taak gekwyt.**

**Volgende kamp is 19-20 April by Nkwe. Vir enige inligting kan Buks by 082 6023522 of**

**Hennie by 082 4256554 geskakel word.**

**Hoop om almal daar te sien.**